Suid-Afrikaanse Maatskappyereg

Fidusiêre Pligte van Direkteure

[1] Relevant hiertoe behoort Art. 76 tesame met Art. 75 geïnterpreteer te word en is basies viervoudig van aard:

1.1 definisie van 'direkteur' – wat weier is as Art. 75 en ook 'alternatiewe direkteure', 'voorgeskrewe beamptes/amptenare', 'lede van Raadskommittees', insluitend die 'oudit kommittee', insluit. Dit sluit in (en vervang nie) die gemeneregtelike standaarde soos neergelê in *Philips vs Fieldstone Africa (Pty) Ltd [2004] 2 All SA 150* wat daarop neerkom dat: "*the standard of conduct expected of a director extends to anyone who occupies a position of trust in relation to the company.*";

1.2 verpligting om konflik van belange te vermy – sluit onveranderlik die sakeregtelike verpligtinge in, soos per *Robinson vs Randfontein Estate Gold mining 1921 AD 168*: nl. "*Where one man stands to another in a position of confidence involving a duty to protect the interests of that other, he is not allowed to make a secret profit at the other's expense or place himself in a position where his interests conflict with his duty.*" Die implikasies van voorgenoemde.:
(i) aandeelhouers mag nie langer 'n direkteur se teenstrydige optrede (in oortreding van Art. 76) toelaat of kondoneer nie;
(ii) direkteure mag nie langer deelneem in besluite waar hulle in konflik van [o.a. finansiële] belange optree nie; en
(iii) die regte voorheen deur aandeelhouers geniet, is verminder tot ratifisering van besluite deur die Raad wat andersins nietig sou wees a.g.v. versuim van openbaring van persoonlike finansiële belange.

1.3 verpligting van goeie trou en sorg – Art. 76(3) is 'n vereenvoudige herhaling van die gemene reg: "*Subject to subsections (4) and (5), a director of a company, when acting in that capacity, must exercise the powers and perform the functions of director:*
(a) in good faith and for a proper purpose;
(b) in the best interests of the company; and
(c) with the degree of care, skill and diligence that may reasonably be expected of a person:
(i) carrying out the same functions in relation to the company as those carried out by that director; and
(ii) having the general knowledge, skill and experience of that director."

1.4 besigheids oordeel reël ("business judgement rule") – Arts. 76(4) en (5) is 'n uiteensetting van, wat internasionaal bekend staan as die sg.: "business rule" en toepassing vind in die regstelsels van veral Brittanje, VSA, Kanada, Australië en Duitsland. Die algemene beginsel van hierie reël is: *"...that directors must exercise diligence while entitling them to place reasonable reliance on facts or advice given by others.*"

[2] Direkteure het die volgende gemeneregtelike fidusiêre verpligtinge:

2.1 om konflik van belange te vermy;

2.2 om binne die omvang van hulle magte op te tree;
2.3 om ‘n onbelemmerde diskresie te handhaaf; en
2.4 om hulle magte vir ‘n behoorlike doel uit te oefen.

[3] S vs Gardiner & Another 2011 (4) SA 79 (SCA): waarin weerhouding van inligting rakende direkteure se persoonlike finansiële belange ook as bedrog veroordeel word.

[4] Direkteure wat in bovermelde pligte versuim, staar die volgende eise in die gesig:

4.1 die aandeelhouers in terme van Art. 20(6);
4. 2 die maatskappy in terme van Art. 77(3); en
4.3 derde partye in terme van Art. 218(2).